**Johan Claassen Broers**
(EDMS.) BPK.
Telefoon 3612
POTCHEFSTROOM

MANS-, SPORT- en KINDERUITRUSTERS



# die WAPAD

*Amptelike Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.*

JAARGANG XXII — WOENSDAG 24 MEI 1967 — No. 12



*ENBRITE*
**ELEKTRIESE MPY (Edms.) Bpk.**
Von Wiellighstraat 9B,
POTCHEFSTROOM.
Besoek ons vir elektriese benodigdhede, hardeware, vlekvrye staal, porseleinware en tafellinne van hoë gehalte.
Telefoon: 6213


# STUDENTELEWE: GROOT VERANDERINGE AANBEVEEL

## --- *Skakeltoerverslag*

**VERSKEIE ingrypende veranderinge in die studentelewe van die P.U. is aanbeveel in die verslag van die Skakeltoer wat onlangs deur die Studenteraad onderneem is. Die verslag is op 'n massavergadering wat gisteraand gehou is, voorgehou.**

**In die verslag is die organisasie van die Studenteraad, kultuurliggame, ontspanning, sport, finansies en skakeling aan die P.U. vergelyk met dié aspekte aan die universiteite wat besoek is. Die universiteite is U.O.V., Stellenbosch, Port Elizabeth en Rhodes.**

In die verslag is aanbeveel dat belangeverteenwoordiging as 'n enkele sisteem by die verkiesing van die Studenteraad toegepas word. Die Studenteraadsvoorsitter moet nog deur die hele massa gekies word, maar verder moet die Studenteraad self uit eie geledere 'n uitvoerende komitee aanwys. Dit kom in die plek van die Dagbestuur wat tans deur die hele massa aangewys word.

Daar is ook aanbeveel dat ontspanning en publikasies as afsonderlike belange erken moet word en elk 'n verteenwoordiger op die Studenteraad moet kry. Die aanbeveling is op 'n Studenteraadsvergadering verwys na die kommissie wat uit die massa gekies is om die konstitusionele verhouding tussen die Studenteraad en die massa te ondersoek.

**Die Studenteraad het reeds die aanbeveling aanvaar dat die Studenteraadsvoorsitter in die vervolg in die begin van die akademiese jaar in pleks van 'n jaarprogram voor te hou, 'n beleidsverklaring sal lewer.**

'n Aanbeveling wat ondersoek sal word, is om voor die Studenteraadsverkiesing 'n verkiesingsuitgawe van Die Wapad uit te gee en om 'n verkiesingsvergadering te hou waarop genomineerde kandidate hul beleid stel.

### KARNAVAL

**Ten opsigte van ontspanning is aanbeveel dat die P.U. in die toekoms 'n karnaval sal hou in pleks van die mislukte jool. Die karnaval moet nie met 'n winsmotief geskied nie, maar deur studente en vir studente georganiseer word.**

### SKAKELING

**Daar is ook aanbeveel dat die Studenteraad sy beleid van skakeling moet uitbrei en dat die beleid van skakeling met Engelse universiteite hersien moet word. Ook moet die moontlikheid van skakeling met nie-blanke universiteite ondersoek word.**

# PROF. M. C. ROODE †

**Prof. Maarten Christiaan Roode is gebore te Porterville, K.P., op 29 Julie 1907. Sy musiekopleiding het hy o.a. ontvang van prof. M. Fismer (Stellenbosch) en prof. D. J. Roode, 'n ouer broer wat tans emiritus-professor van die Universiteit van Suid-Afrika is. Hierdie opleiding was besonder omvangryk en het hom in staat gestel om op jeugdige leeftyd reeds Voordaers- en Onderwyslisensiate in klavier, orrel, sang, harmonie en kontrapunt te behaal. In 1941 het hy die B.Mus. van die Universiteit van Suid-Afrika verwerf.**

**Nadat hy verskeie orrelposte beklee het, waaraan privaat musiekpraktyke verbonde was, o.a. te Kestell, Boshoff en Kroonstad, is hy in 1945 benoem tot Organiseerder van Musiek in Transvaal. Tydens sy vierjarige verblyf in Johannesburg het hy vinnig naam gemaak as uitmuntende orrelis, koorleier, musiekpedagoog, komponis en gesogte eksaminator van die musiekeksamens van die Universiteit van Suid-Afrika.**

**Vanaf hierdie tyd en tot aan die einde van sy lewe het hy voortdurend gedien op die personeel van 'n groot aantal lokale provinsiale en nasionale musikekomitees en -rade en daar steeds 'n positiewe en hoogs gewaardeerde bydrae gelewer. Ten tye van sy aanstelling as eerste Hoof van die Musiekkonservatorium van die P.U. vir C.H.O. in 1949 het hy dus reeds 'n toonaangewende rol gespeel in die Suid-Afrikaanse musiekwêreld.**

**Prof. Roode se organisatoriese vermoëns, vakkundige bekwaamheid en uitnemende leierseienskappe het hom in staat gestel om die fondamente van die nuwe Konservatorium heg en stewig te lê. 'n Enkele jaar na die stigting van hierdie inrigting kon die volgende reeds in die Senaatsraport oor die jaar 1950 gelees word: „Die Musiekkonservatorium het op 1 Feb. vanjaar geopen en die fenomenale vooruitgang wat alreeds in die eerste jaar van sy bestaan gemaak is, het die stoutste verwagtinge oortref. ...'n Woord van besondere waardering kom mnr. M. C. Roode toe vir sy onvermoeide ywer. Dit is grotendeels aan sy bekwaamheid en deursettingsvermoë toe te skryf dat hierdie inspirerende vordering geboekstaaf kan word."**

**In 1953 is hy bevorder tot professor en vanaf 1956 het hy ook hoof van die Musiekdepartement geword. Op 'n versigtige, bekwame en bestendige wyse het hy die musiekopleiding aan die P.U. uitgebou en riglyne neergelê waarvolgens vrymoediglik verder gearbei kan word. Vir homself het hy niks opgeëis nie, maar alles veil gehad vir sy personeel, die studente, die inrigting wat hy gedien het.**

**Hierdie groot werk het sy tyd en kragte sodanig belas dat daar min geleentheid was vir 'n diepgaande en volle ontplooiing van wat miskien sy grootste gawe en liefde was, nl. musikale skeppingswerk. Ons is daarom des te meer dankbaar vir wat hy tog by al die ander pligte op dié gebied gedoen en aan ons nagelaat het. Almal wat hom geken het sal dié werke altyd in liefdevolle herinnering troetel.**

**Met die heengaan van prof. Maarten Roode het Suid-Afrika 'n groot pionier op die gebied van musiek verloor. Sy voorbeeld in die groot taak wat hy volvoer het en as diepgelowige Christen sal steeds inspireer, en daarvoor dank ons God.**

**J. J. A. VAN DER WALT**

## *Bydraes gevra vir Ateljee 67*

Op 'n onlangse vergadering het die A.S.B.-komitee dit betreur dat daar geen Puknuus uitgesaai word in Ateljee 67 nie.

Mej. B. du Plessis, die plaaslike Ateljee 67-verteenwoordiger, het gesê dat sy geen bydraes ontvang nie. Die groot sondaars in dié opsig is die sportklubs, koshuise en ander verenigings.

**Bydraes kan in die A.S.B.-bussie geplaas word, of aan die verskillende skakelpersone oorhandig word. Daar word versoek dat die bydraes die algemene belangstelling moet trek.**

## NUSAS TEEN AFFILIASIE

Die besluit van die Studenteraad van die Engelstalige Johannesburgse Onderwyskollege (JCE) om die moontlikhede van affiliasie by die A.S.B. te ondersoek, het sterk teenstand ontlok aan die Nusas-komitee aldaar.

Mnr. Barry Sproat, wat die mosie van teenstand voorgestel het, het gesê dat Nusas breed en algemeen genoeg is om enige opinie te huisves en dat affiliasie by die A.S.B. nie noodsaaklik is vir 'n ewewigtige gesigspunt op die kampus nie.

SANSPA



**Dié klompie eerstejaars van Uitspan het beslag gelê op die oorspronklike vlag van Heimat. Hulle het die vlag op 'n onlangse koshuisaksie van Heimat, in hulle besit gekry. Is die Heimatters daarvan bewus dat Uitspan die vlag het?**
**Foto: Fotokuns**

## Wapad verskyn

Die volgende uitgawe van Die Wapad sal, as gevolg van Republiekdag, op Donderdag 1


AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
BULT-APTEEK
GESKENKE
POTTEBAKKERY
TOMSTRAAT 88B & C
FOON

VIR AL U APTEKERS- EN FOTOGRAFIESE BENODIGDHEDE BESOEK:

**APTEKERS J. P. VAN DER WALT (EDMS.) BPK.**

**Kerkstraat 118 Potchefstroom**

TELEFOON: 3237

**DIE BULT**

DAMES HAARKAPPERSALON

ons spesialiseer...

Tomstraat 86A

Telefoon 5537

**GISELA MAIWALD**

*Fotograaf en Fotografiese dienste.*

TOMSTRAAT 100 POTCHEFSTROOM

Ruikers vir alle geleenthede

**BOUQUET**

BLOEMISTE

Johan Dreyer-gebou

Tel. 6575

POTCHEFSTROOM

**GROSVENOR MOTORS**

LOMBARDSTRAAT 47

KERKSTRAAT 69

TELEFOON: 4351/2/3

GEMAGTIGDE —FORDHANDELAARS—

ANGLIA — CORTINA — CORSAIR — ZEPHYR — ZODIAC — FAIRLANE en GALAXIE

Asook:

**Vespa** en **Lambretta**

BROMPONIES

die WAPAD

· WOENSDAG 24 MEI 1967

# REORGANISASIE

Dit blyk dat die skakeltoer van die Studenteraad — in weerwil van die voorspellings van doemprofete — geensins 'n vrugtelose taak was nie; inteendeel dit het daartoe gelei dat die lig op swakhede in ons eie studentelewe gewerp is en die noodsaaklikheid van reorganisasie daarvan onder oë gesien is.

'n Daadwerklike poging tot reorganisasie verlede jaar het gelei tot die aanwysing van 'n kommissie uit die massa om die konstitusionele verhoudinge tussen die Studenteraad en die massa te ondersoek. Die kommissie het nou ook die taak gekry om van die aanbevelings van die skakeltoer in dié verband te ondersoek. Uit 'n onlangse persverklaring van die kommissie blyk dit dat deeglike ondersoek gedoen word, wat die kommissie voor die begin van volgende semester wil afhandel.

Daar is dus op die oomblik heelwat aktiwiteit ten opsigte van reorganisasie van die studentelewe te bespeur. So 'n reorganisasie kan nie geld vir die verre toekoms nie, maar werklike reorganisasie is tog meer as blote lapwerk.

Reorganisasie vereis 'n versiende blik en vermoë om sake in perspektief te sien. Want in watter rigting die organisasie strewe ookal beweeg, bly dit belangrik dat alles in sy volle konsekwensies deurdink word.

Daarom is dit noodsaaklik dat almal, die wat in besonder met die taak belas is, maar ook alle studente wat belangstel in die studentelewe hulle nie gaan blind staar op kleiner dingetjies wat in die huidige struktuur aanleiding tot ergenis gegee het nie. Dit sal werklike reorganisasie strem en miskien alles wat daaruit kon voortkom heeltemal versmoor.

Die nuwe studentelewe moet nie rewolusionêr wees, heeltemal los staan van die verlede nie, maar dit moet gebou wees op die goeie aspekte van die studentelewe en nie blote reaksie teen die slegte aspekte daarvan wees nie.

Ons moet almal saamwerk aan die uitbouing van 'n nuwe studentelewe, — nie 'n volmaakte studentelewe nie, — maar 'n studentelewe wat ooreenkomstig ons oortuiginge sal pas in ons huidige tydsomstandighede.

# POLITIEK

Uit 'n onderhoud wat onlangs gevoer is, blyk dit dat die meeste studente wat die Sentrum vir Internasionale Politiek besoek, slegs die dagblaaie lees. Dat daar wel persone is wat die dagblaaie lees, is verblydend, maar mens vra jouself in hierdie verband tog sekere vrae af: Hoekom is daar by die gemiddelde student so 'n laksheid om kennis te neem van wat op die terreine van die internasionale sowel as plaaslike politiek plaasvind? Hoekom word die aksies van die Seminaar vir Internasionale Politiek en die Afrika-seminaar so uiters swak deur studente ondersteun?

Wat die antwoord op hierdie vrae ook al mag wees, bly dit 'n onrusbarende toestand wat nie met 'n skouerophaal afgemaak kan word nie. Die opvatting dat die internasionale politiek iets is waarvan die man-op-straat en die student hom kan distansiëer omdat dit die terrein van spesialiste is, is 'n mistasting. Die teendeel is eerder waar.

In 'n wêreld waar afstande nie meer 'n skeiding is nie en waar die neiging op alle vlakke al hoe meer op na nouer groeperinge is, sal dit fataal wees as veral die landsburgers wat hoop om eendag sleutelposisies te beklee, weier om kennis te neem van sake wat hulle eie toekoms diepgaande kan beinvloed.

Onlangs het die A.S.B. besluit om na buite te werk met hulp aan die Bantoetuislande en pas verlede week het die Eerste Minister die rol van die jeug in die Suid-Afrika van die toekoms, wat ook betref skakeling met Afrika, beklemtoon. Dit is maar twee van die take wat wag om aangepak te word. Hoe gaan ons dit aanpak: met of sonder kennis?

Om kennis daarvan te verkry, mag delwing beteken in sake buite ons nou akademiese straatjie en selfs inspanning meebring, maar die resultate kan verkiesliker blyk te wees as die onverbiddelike mislukking waarin enige poging sonder kennis eindig.

**REDAKSIE**

Hoofredakteur : Pieter de Klerk.
Onderredakteur: Neels Smit.
Tegniese redakteur: André van Jaarsveld.
Nuusredakteurs: Tom Larney — Tel. 2172.
Ben van Jaarsveld — Tel. 2067.
Nuusverslaggewers: Izak Bekker, Piet van Schalkwyk, Dawid van Wyk, Marita Vermaak.
Kunsredakteur: Piet Roodt — Tel. 2172.
Kunsverslaggewers: Kobus Coetzee, Marlene Smit.
Sportredakteur: Chris Swanepoel — Tel. 2171.
Sportverslaggewers: Lood Dercksen, Marietjie Swart.
Fotograwe: Leunis van Rooyen, Izak Bekker.
Spotprenttekenaar: Lood Dercksen.
Advertensiebestuurder: Nic Lessing — Tel. 3827.
Sirkulasiebestuurder: Hans Grobler.

# In U Lig

**Gen 3:17b: vervloek is die aarde om jou ontwil; met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe.**

Hierdie woorde vorm deel van God se straf wat Hy kom uitspreek het na die sondeval van die mens in die Paradys. Die hele skepping is deur God goed, ja volmaak gekape. In hierdie skepping het die mens 'n besondere plek ingeneem, hy moes heers oor God se werk. In die uitoefening van sy taak word daar egter van hom gehoorsaamheid aan God se opdragte gevra. Maar juis hier het die mens gefaal. Die gebooie van God word oortree, die mens is ongehoorsaam aan die bevel van die Here. Op sy ongehoorsaamheid volg dan ook sy straf.

Van nou af sal die mens moet hard werk vir sy lewensbestaan. Die harmonieuse verhouding in die skepping is verbreek. Deur die sonde het die lewe van die mens 'n lewe van stryd geword. Die lewe in heerlikheid het verander in 'n lewe van swaarkry, moeite, ellende en verdriet. Sonder inspanning kan die mens niks in hierdie lewe bereik nie. Vanweë die sonde van die een enkele mens, Adam, staan die ganse menslike geslag onder die vloek van God. Maar God is ook genadig. Deur die soendood van Jesus Christus is die vloek weggeneem, vind ons weer genade! Daarom is ons arbeid nie meer straf wat ons uitdien nie, maar die dank wat ons aan God verskuldig is vir die genadige verlossing.

Dit is dis bevel van God dat mens moet werk. Vir luiheid is daar geen plek in ons lewens nie. Ook as studente staan ons onder hierdie bevel. Dit geld vir elke dag van ons lewens. Daarom moet ons dwarsdeur die akademiese jaar ook ons studie met die nodige erns bejeën. Alleen so kan ons verwag om suksesvol te wees. Diegene van ons wat alleen maar tydens toetse of eksamentyd so 'n bietjie deur die boeke blaai is ongehoorsaam aan die bevel van God! God eis van elke mens al sy kragte op. Luiheid is verering van die Satan!

# Deur My Lens

Met die koms van die winter het baie dinge vir die meeste Pukke verander. So lyk dit o.m. of die sleepgewoontes weer meer ingetoë geraak het. Verrassende tonele word nie meer so dikwels in 'n aandwandeling op die kampus aangetref nie. Die enigste interessante is nog die verwarmingsaksies wat om 7.25 in die aande voor die dameskoshuise afspeel.

### EUWELS

Dit lyk of die owerheid ook daadwerklik poog om moontlike euwels uit te skakel deur die helder ligte wat orals op die kampus te vinde is. Miskien het dit egter ook 'n negatiewe uitwerking in die opsig dat aksies buite die kampus voortgaan.

### KOMMUNIKASIE

**Dit lyk of daar heelwat faktore is wat die slegte toestande aanhelp. So het die Besembos met sy tema vir vanjaar, Kommunikasie selfs die stewige beginsels van askete op die Puk laat wankel.**

Dan het 'n plaaslike hotel ook 'n vrypas aan studente gegee deur te sê dat baadjies genoeg is vir toegang tot die gewilde plek onder ons manstudente.

### TOETSTYD

Om ons op akademiese terrein te begewe: die fakulteit Lettere en Wysbegeerte se stap om 'n toetstydperk aan die einde van die semester daar te stel, sal deur die meeste van ons seker verwelkom word. Waarom moet dit egter net op een fakulteit van toepassing wees? Party fakulteite het hul toetse aan die begin van Junie, ander deur die hele maand versprei. Waarom kan hier nie meer eenvormigheid verkry word nie?

### STREMMEND

**Veral vir die studentelewe sal dit baie beteken. Nou is daar deur die hele maand toetse aan die gang wat stremmend inwerk op aksies. As alle toetse aan die einde gekom het, sou dit meer aktiwiteite moontlik gemaak het. Ons hoop maar die stap word ook nog eendag gedoen. Daar is in die afgelope paar jaar tog reeds soveel geëksperimenteer met toetse tydperke in die eerste semester.** — REFLECTOR

# Ons Flitsgedagte

Van Riebeekdag — Republiekdag — Heldedag — Geloftedag.

**Toegegee** — daar ist iets lastigs in hierdie feesdae: jou gewete wat jou pla dat jy nie teenwoordig is nie; die drie toesprake wat of in algemene slagspreuke bly sweef of te droog gespesialiseerd is; die swak afgerigte tablo's en koorsang; die **koeldranke van alle kleure; die huilende babatjies; die dominee** wat van sy openingsgebed sy „geleentheid" maak om sy sê te sê, gesien die feit · dat hy nie 'n kans vir 'n toespraak ontvang het nie.

**En tog** . . . dis volksfeeste. Deel van ons tradisie, dwang van ons tradisie, dwang van ons gewete, noodsaaklik vir ons geskiedenisankers, deel van ons „kulturele politiek."

Daar is selfs goeie demonstrasie in ons volksfeeste — en demonstrasie is goed.

Ontmoeting tussen die volk en sy leiers op verskillende vlakke.

In geval van Geloftedag direkte en opsetlike ontmoeting tussen die volk en God.

Ondanks al die lastigheid van so 'n volksfees moet ons as behoudende jeug steeds hieraan vashou.

**Die argumente**: die goeie voorbeeld vir die „swakkeres" onder ons;
die bewaring van die tradisie;
die kommunikasie met ons verskillende tipe leiers;
die volksbelewing en saambinding rondom die saamtrek;
die gelofte — in één geval.

Laat 'n komitee van die A.S.B. model-feesprogramme uitwerk wat aanpas by die metodieke van ons tyd — programme wat pakkend is en groots. Sulke ontwerpe kan deurgestuur word aan bv. die F.A.K.

Hoe lyk dit?

Of gaan jy maar slap bly lê en toesien hoe jou volk sy eie tradisies oorboord gooi? Wa

# TOETSE IS WEER HIER




# Ons Lesers Skryf

## TOESPRAAK KAN A.S.B. NET SKADE DOEN

**Geagte Redakteur, — Na aanleiding van die verslag oor mnr. Boy Geldenhuys se toespraak in die Wapad van 17 Mei 1967 die volgende:**

In 'n veelrassige land soos Suid-Afrika is samewerking tussen die blanke elemente noodsaaklik. Ek bepleit beslis nie samewerking met 'n organisasie soos Nusas nie, maar as lid van een volk behoort 'n Afrikaanssprekende persoon wel deeglik die gevoelens van anderstaliges wat aan dieselfde volk behoort en onder wie daar mense is wat dieselfde dink as die A.S.B. in ag te neem.

**LAAKBAAR**

Daarom dink ek dit is laakbaar van mnr. Geldenhuys om die eenheid van 'n volk te verbreek op grond van taalverskille. Ek haal aan uit die verslag: „gesê dat hy eerstens 'n Afrikaner is en dat dit vir hom onmoontlik is om enigiets in gemeen met mej. Marshall, wat Engelssprekend is, te hê." Ons leef mos nie meer in die tyd van die Boereoorlog nie!

**ONDERDAGTE**

Ek hoop van harte dat ek verkeerde interpretasie aan mnr. Geldenhuys se woorde heg. Dit bly egter uiters gevaarlik vir 'n persoon in so 'n leidende posisie om so 'n ondeurdagte bewering die wêreld in te stuur. Dit kan die saak van die A.S.B. net skaad.

Intussen stuur studentekoerante die berig deur die land vir vyandiggesindes om dit aan te gryp en te gebruik soos dit hulle pas.

PETRO VISSER

## REGIMENT KRY VRYHEID

**Die Potchefstroomse stadsraad het eenparig besluit om die vryheid van die dorp aan die Regiment Potchefstroomse Universiteit aan te bied.**

**Die voorstel is deur die burgemeester, prof. H. L. Swanepoel, gedoen.**

# Motor-fasiliteite ontoereikend sê eienaars

**DIE fasiliteite wat op die kampus en by die koshuise bestaan vir studente wat motors besit, laat oor die algemeen veel te wense oor. Dit was die algemene gevoel by motoreienaars in die koshuise wat deur Die Wapad oor die saak genader is.**

**Die mees algemene klagtes skyn te wees die totale gebrek aan enige vorm van beskutting vir die motors by die koshuise, die rowwe parkeerterreine en die toestand van sommige paaie.**

Mnr. Johan Pieterse, 'n tweedejaarstudent in Over de Voor, het aan ons verslaggewer gesê dat motoreienaars wel nie kan aanspraak maak op motorhuise nie, maar dat behoorlike parkeerplek waardeer sal word. Volgens hom kan die toestand van die pad voor Over de Voor ook baie verbeter word. „Veral as dit nat is, lewer die modder vir motoriste sowel as voetgangers nogal probleme op", het hy gesê.

**AFDAKKE**

Die besitters van motors het oor die algemeen sterk ten gunste gevoel van die oprigting van goedkoop afdakke. Mnr. D. du Bruyn, 'n inwoner van Dawie Doep, het gesê dat hy eerder sou verkies om 'n klein bedraggie as huur vir 'n afdak te betaal inplaas daarvan om sy motor deur die son te laat verbrand.

**VRUG**

Mnr. Herman du Plessis, 'n inwoner van Over de Voor het hom hiermee vereenselwig. „Die stelsel van afdakke wat verhuur word, word aan ander inrigtings gevolg en dit kan met groot vrug hier toegepas word," het hy gesê.

**GERESERVEER**

'n Algemene klagte van motoreienaars is dat te veel van die parkeerplek op die kampus vir personeellede gereserveer word en dan in werklikheid nooit gebruik word nie.



'n Praktiese oplossing vir die motordilemma
Foto: Z. Bekker

## SMEERGEDIG BY WITS LEI TOT POLEMIEK

**„Wat sal die reaksie wees as Afrikaners 'n satiriese gedig moet skryf oor die Jode se stryd teen die Duitsers in die tweede Wêreldoorlog?" Die vraag stel Pierre Naude, 'n Afrikaanse student, na aanleiding van die smeergedig teen die Afrikaner wat onlangs op die kennisgewingbord (Loo Wall) van die Witwatersrand se Universiteit verskyn het.**

Twee studente, die redakteurs van die kennisgewingbord, wat deur die studentehof skuldig bevind is aan wangedrag na die verskyning van die gedig, hou nog vol dat die gedig „suiwer satiries" was.

**RASSE**

Hulle gee wel toe dat die gedig 'n aanval op rassesuiwerheid en -meerderwaardigheid inhou, maar nie 'n aanval op 'n bepaalde rassegroep nie. Hulle weier egter om die skrywer of skrywers daarvan te indentifiseer.

**RUK**

Die redakteur van die studenteblad Wits Student voer in die hoofartikel aan dat die Witsadministrasie en die Afrikaanse pers saamgewerk het om die saak uit verband te ruk.

Die gedig het onder meer gelui: „The Boers — to keep their nation white, ban the blacks by day and sleep with them by night."

## LANDSWYE FILMPREMIéRE MAAK REKLAME VIR P.U.

**'n Landwye filmpremière wat as reklame vir die P.U. vir C.H.O. sal dien, word binnekort op nege verskillende plekke in die Republiek en Suidwes gehou.**

Deur die vergunning van die Twentieth Century Fox Organisation of Southern Africa, is Shakespeare se „Romeo and Juliet" vir hierdie doel beskikbaar gestel.

**BALLET**

'n Kort nuusprent oor die Universiteit word dan in die voorprogram ingesluit. Dit is 'n ballet-verwerking van die drama en word gedoen deur die „Royal Ballet Company" van Londen. Die hoofrolle word vertolk deur Margot Fonteyn en Rudolf Nureyev. Die musiek is van Serge Prokofiev en die produksieleier is dr. Paul Czinner. Dit is 'n kleurfilm wat op die wye doek vertoon word.

Die filmpremière word deur die Departement van Ontwikkeling georganiseer en dit is ten bate van die Ontwikkelingsfonds van die Universiteit.

**BROSJURE**

Daar word tans ook 'n brosjure van ongeveer honderd bladsye voorberei om in plek van die gebruiklike premièreprogram aan te bied. Dieselfde brosjure sal in al nege sentrums gebruik word en 'n aantal van die programbrosjures sal ook nog vanjaar as reklamemateriaal vir die Universiteit gebruik word. Naas inligting oor die film en informasie in verband met die Potchefstroomse Universiteit, sal die brosjure ook advertensies insluit.

**VERTONINGS**

**Die vertonings word binne die bestek van agt dae gehou. Op 22 Augustus 1967 sal dit in Pretoria (Capitol), Johannesburg (Colosseum), Kaapstad (Colosseum) vertoon word. In Durban (Embassy), Port Elizabeth (20th Century), Bloemfontein (Capitol) — 24 Augustus 1967 en in Windhoek (Inryteater), Potchefstroom (Grand), Klerksdorp (Meiringspark Inryteater) op 29 Augustus 1967.**

## STUDENTEHANDBOEK VERSKYN IN NUWE UITGAWE

**'n Nuwe uitgawe van die studentehandboek met die oog op die studentehandboekeksamen wat eerskomende Saterdag afgeneem word, het verlede week die lig gesien**

Die Studenteraadsvoorsitter mnr. Willie Coetzee, sê in die voorwoord van die werk, wat 61 folio-grootte afgerolde bladsye beslaan, dat met dié uitgawe gepoog is „om 'n populêre en maklik-verteerbare inligtingstuk oor die studentelewe daar te stel."

**LOSSE SKROEWE**

Die handboek is geheel en al op datum gebring en bevat inligting oor nuwe verenigings soos die Universiteitskoor en die Volksanggroep, asook inlingting oor die hernuwing in ander verenigings. Volgens die inleiding word dit net as 'n afgerolde diktaat uitgegee omdat die organisasie en samestelling van die studentelewe en Studenteraad in die nuwe bedeling nog op losse skroewe staan. Die uitgee van 'n praguitgawe word beplan vir die eeufeesviering van die universiteit in 1967.

Daar verskyn een bylae in die werk: 'n stuk deur prof. W. J. de Klerk oor leierskap.

# Van die Studenteraadstafel

Op 'n onlangse Studenteraadsvergadering is 'n belangrike aanbeveling van die A.B.K.K. in sake die verbetering van fasiliteite vir die toergroepe van Thalia en Alabama goedgekeur. Dit kom kortliks daarop neer dat die Studenteraad hulp wat van die owerheid aangebied is in die vorm van lenings met dank aanvaar het. Daar word beplan om sodoende die fasiliteite van die twee verenigings aansienlik te verbeter sodat werk van hoër gehalte as in die verlede gelewer kan word.

**VOORWAARDES**

Die Studenteraad het aangedring op die volgende voorwaardes: (i) Dat die Studenteraad jaarliks besluit watter bedrag aan die lening afbetaal word. Die Studenteraad onderneem om alles in sy vermoë te doen wat die afbetaling betref; (ii) Dat die apparaat wat aangekoop word die eiendom van die Studenteraad sal wees; (iii) Dat die A.B.K.K. beheer uitoefen oor die apparaat. Die Studenteraad het ook die aanbod van die owerheid i.v.m. bergplek van die apparaat met dank aanvaar.

**DISKRIMINASIE**

Dit het onder die aandag van die Studenteraad gekom dat daar sogenaamde diskriminasie van die kant van 'n hotel in Potchefstroom sou wees. Mnr. Johan van Rensburg het met die dat dit wel waar is dat studente hul daar skuldig maak aan wangedrag. Daarom het die bestuurder gevoel dat hy 'n waarskuwing in dier voege tot studente moet rig om te sorg dat hulle goed gekleed (met baadjies) na die hotel moet gaan.

**WAARSKUWINGS**

Soortgelyke waarskuwings is reeds deur ander hotelle aan studente gerig en daarom sien die bestuurder dit nie as diskriminasie nie, maar eerder as versuim van sy kant dat hy dit nie vroeër gedoen het nie. Die bestuurder het beloof om 'n brief aan die Studenteraad te rig waarin die saak breedvoerig uiteengesit sal word.



# „Wild Season" is goeie Suid-Afrikaanse film

**EMIL Nofal se „Wild Season" wat verlede week in die Grand vertoon is, was darem beter as van die vorige humoristiese pogings van die Suid-Afrikaanse filmbedryf.**

**Dit kan nog nie as geslaagd beskou word nie — die draaiboek het mank gegaan aan te veel gebreke. Die hele ou storietjie was maar power — te veel luk-raak insidente en gebeurtenisse het voorgekom. Gert van den Bergh in die hoofrol lewer sterk spel, maar in 'n moeilike, inkonsekwente, rol en swak behandeling van die kameraman in oomblikke van emosie, oortuig hy nie altyd nie. Janis Reinhardt en Antony Thomas het onderskeidelik, goeie en skitterende spel gelewer. Die damesspeelsters was soos die res van hulle Suid-Afrikaanse voorgangers: swak en openlik amateuragtig.**

Tegnies was die rolprent goed. Sekere tonele is op 'n groot manier vasgelê. Ongelukkig het die patos-momente oor-sentimenteel en selfs paṫeties-simpel aangedoen. Die kamera konsentreer te lank op die akteur wat emosie moet voorbring, dis dan wanneer die dinge kriewelrig en oneg begin word. Die kreatiewe deelname van die teaterganger en volgehoue werklikhheidsillusie moet fyn en versigtig hanteer word.

**DIEPER**

Nietemin was dit een van die beter plaaslike rolprente. Bemoedigende tekens soos die aanpak van dramatiese oomblikke en groter, intelligenter, dieper draaiboeke, laat die verwagting van 'n hoër vlak in die toekoms.

Die „Wild Season" is na „Dingaka" die tweede stap in die regte rigting.

P.H.R.

## NICO GEKIES

Op 'n vergadering gehou te Coligny op 17 Mei is mnr. Nico van der Merwe, (voorsitter) en Johan van Graan (Penningmeester) op die bestuur van die Wes-Transvaalse Wyksbond vir Volksang en Volkspele gekies.

Daar word dan beoog om 'n groot aantal Pukke na 'n Volkspelesaamtrek te stuur wat op Saterdagaand 3 Junie te Coligny gehou word. 'n Bus sal daarheen gaan, en 'n genoeglike aand word in die vooruitsig gestel.

## A.B.K.K. SLAAN NUWE RIGTING IN

**In 'n verklaring wat onlangs deur die voorsitter van A.B.K.K. uitgereik is, word 'n nuwe benadering t.o.v. die uitvoering van die pligte van die A.B.K.K. aangekondig. Dit is die gevolg van die vermeerdeirng en uitbreiding van die werksaamhede van die A.B.K.K.**

Die aktiwiteite van die bestuur sal voortaan berus op 'n beleid van desentralisasie. Daar sal gebruik gemaak word van persone uit die massa met die nodige belangstelling in die bedrywighede van die A.B.K.K. Die komitees staan onder direkte verantwoordelikheid van 'n Dagbestuurslid van die A.B.K.K. en noue kontak word onderling bewaar.

Een van die komitees sal 'n komitee vir Interkoshuisvaria wees wat verantwoordelik sal wees vir 'n reeks van kunskonserte op interkoshuisbasis. Daar is voorts verklaar dat daar tydens die volgende vergadering van die A.B.K.K. verdere beplanning van sulke komitees sal plaasvind.

**EENHEIDSGEES**

Die A.B.K.K. sal sy bes doen om die beleid ook na sy onderliggaam uit te brei aangesien die Volkspelelaer reeds met groot vrug van die stelsel gebruik maak. Deur die toepassing van die beleid word die lede van die verenigings en liggame geaktiveer en word 'n eenheidsgees onder die betrokke deelnemers aangemoedig. Hierdeur verkry die massa ook die geleentheid om te sien watter mense daar in hul geledere is wat bekwaam is om nulle op die besture en hoër liggame te verteenwoordig, is verklaar.

## Studie gemaak van hoëlui

3,000 Mense uit die boonste lae van die Suid-Afrikaanse bevolking sal in 1967 en 1968 ondervra word in 'n diepgaande studie van die Suid-Afrikaanse hoëlui.

Die studie, wat onderneem sal word deur dr. W. van der Merwe van die Rhodes Universiteit, is daarop gemik om die verband tussen mag, invloed en status onder vooraanstaandes aan te dui.

Hieruit sal moontlik voorspellings oor toekomstige ontwikkelings in Suid-Afrika gemaak kan word.

SANSPA

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

**Boeke vir Studie en vir Ontspanning**

**PRO REGE-PERS BPK.**

*„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"*

Kerkstraat 91—95 Telefoon 5236/4944

H/v. Tom- en Borcherdstraat Telefoon 3431

POTCHEFSTROOM

***INSLEEP!***

WAARHEEN ALMAL SLEEP

**Koshuisbestellings: 6039**



**„Na die huwelik!" — 'n foto tydens 'n repetisie van „Ons Dorp", wat van 29 Mei tot 3 Junie in die Totiussaal ogevoer word.**

## „BEAU GESTE" BESTE HIER VERTOON

**„Beau Geste", wat verlede week in die inryteater gedraai het was ongetwyfeld een van die beste films wat tot nog toe vanjaar in Potchefstroom vertoon is. Guy Stockwell, Telle Savalas en Doug McGlurd was die hoofspelers.**

Die film was soos wat dit bedoel was om te wees. Nêrens was daar 'n enkele hinderlikheid of onafgerondheid in spel en aanbieding nie. Robuust, gespierd, sonder genade, met die ongetemperde woestynson bo dit alles. En tog, met min emosie, **maar reg gebruik**, was dit nie bloot 'n storie oor die Franse Vreemde Legioen nie. Daar was ook iets van wat die soldaat voel, ten spyte van soveel hardheid en geestelike verweerdheid.

Daar was altyd die genadeloosheid van soldaat-wees, die half swygsame stroefheid waarin daar tog sekere menslike vernalgens moes verberg word, sonder dat dit alles noodwendig in situasies verbeeld is. En te midde van al die bitterheid, al die mooi verhouding van twee broers.

**TREFKRAG**

Al kom net een man lewend uit die stryd, is dit geen spel van totale vergeefsheid nie. Vir hom wat lewe was daar tog 'n doel om voor te lewe. So maklik kon hierdie film ook weer verval het in 'n smaaklose vegtery wat die konflik tussen die karakters sou verswelg. Maar die teendeel is waar. Met fyn beplanning het die film nie slegs tegnies geslaag nie, maar met goeie spel het dit in trefkrag selfs verbeter op die roman waarop dit baseer.

Vir hierdie film sal selfs die mees kritiese waarnemer waardering moet hê.

C.J.S.

# KUNSGESELSIE

Wie en wat is die kunstenaar. Is hy snaaks, buitengewoon, anders, beneuk? — dus onverantwoordelik! Soos vandag: 'n sedebederwer, volksvreemd, mislik, dekadent! Maar wie beskou hom so? Die volk. En wie is die volk? Predikant, professor, onderwyser, kantoorklerk, eenvoudige Jan-op-straat?

**Hoekom word die kunstenaar gehaat, dikwels verag, geslaan? Is die ware kuns die ontstellende vyand in die werklikheidsillusie? Omdat hy nie bang is vir die volle krag van die emosie nie? Moet hy die waarheid verkondig? Watter „waarheid"? Die Afrikaans-Calvinistiese waarheid soos hy is of behoort te wees?**

**SKAAMTELOOS**

„Musicmakers". „Dreamers of dreams". Die egte kunstenaar loop in die son van sy oortuiging — skaamteloos en eerlik. Hy droom, verlang en lewe vir sy volk. Dikwels eensaam — 'n profeet sonder hoorders. Maar hy is vreemd, 'n onding byna — omdat hy met altyd groter drif iets groter probeer maak. Al die drange en begeertes, die behoefte van 'n enkele mens se nietige lewe voor God, wil hy verewig in die woord — onverganklik vaslê; hierin moet tyd en ewigheid gevind word.

**PATETIES**

Die kwasie-kunstenaar is die siekteverskynsel. Hy ken die waarde en reklame van „anderswees." Daarom buit hy dit uit en die breë volksmassa juig! Want saam met die kwasi-kunstenaar is hy siek — bang. Paterties-hulpelose mensies! Altyd bereid tot diplomasie en konformasie. En in hierdie wanhopige rondgemaal, soos donkies rondom 'n drinkbak, word die egte kunstenaar vertrap, word hy opgeneem as iets soortgelyks en sy beeld verwring. Byna elke groot kunstenaar staatsman, filosoof ens., is of was vreemd in sy tyd — kyk maar na die geskiedenis.

**GERAAS**

**En vandag? Dis vandag! Altyd sal dit so wees. Die groot geraas van die massa — die aanhoudende geroep! Die groot onbegrip — dit het norme geword. Is dit? Ongelukkig hoor mens ook grotes opklink in die geroesmoes van stemme.**

Tussenin loop die kuns hoog en nors deur alles. En enkeles verstaan. Maar hulle is nie hoogmoedig nie — eerder gemoedelik. En glimlag soms. Want hierdie lewe bring ook sy vergoeding. Elkeen by dit wat hy ken: die burger by die stigtelike en patriotiese: Celliers en Visser. Elkeen in sy soort. Om met Van Wyk Louw te praat: „elkeen dra sy dop soos 'n skilpad."

**PEUTERDINGETJIES**

Alles kom maar voort uit die eenvoudige en alledaagse. Kragtens ons aard as mensies wat daagliks moet eet en drink en liefhê en haat soms, wat ook die peuterdingetjies moet doen, is daar seker êrens 'n raakpunt — alles vloei uit die burgerlike. Maar, miskien, eendag sal ons ou volkie groot wees en glimlag. Intussen moet die „boys" net stoot aan die kultuur!! Alles sal mos regkom? Saamwerk. Dis juis dit wat alles gaan verongeluk!

**Die sin en grootheid lê vir my in die verkenning van die self. Om verder te kyk as vandag. Om roekeloos verantwoordelik in die gemoedelike en gemaksugtige van elke dag jou bakens verder te plant, jou oë te stuur in ruimtes en tyd. Altyd verder . . . Altyd groter . .**

P.H.R.

## *Tydskrif wil leemte vul*

„Tydskrif vir Letterkunde wil die leemte tussen Standpunte en die algemene populêre tydskrif vul." So het mnr. Coenie Rudolph, redakteur van dié tydskrif, onlangs op die P.U. gesê waar belangstellendes toegelig is oor die werksaamhede van die Afrikaanse Skrywerskring.

Mnr. Rudolph het voorts op 'n vraag verduidelik hoe 'n „onverstaanbare" gedig waardeer moet word. „Dit moet deel word van mens se senuweestelsel. Jy moet gewoond word daaraan. Die roes bv. op 'n ou vragmotor is nie mooi in die verbygaan nie. Dit word mooi hoe meer jy daarna kyk."

**VORMS**

Mnr. Rudolph het daarop gewys dat die P.U. se Letterkundige Vereniging eersdaags vorms beskikbaar sal hê waarmee studente op Tydskrif vir Letterkunde teen slegs R1.00 per jaar sal kan inteken.

## POKERSPEL

Bordjies met die bewoording „Geen kaartspele toegelaat in die kafeteria" is in die kafeteria van die Witwatersrandse Universiteit aangebring. Hierdie stap volg op 'n pokerspel in die kafeteria waarin 'n jong man, wat nie 'n student is nie, na bewe-

# Verlief Verlore? Verloof



## deur CUPIDO

**Dagsê al my slepers. Ek is bly om te sien dat die manne begin besef het dat 'n mens nie hierdie koue winter alleen sal kan trotseer nie. Ek hoop die groepie wat nog alleenlopend is gaan hulle voorbeeld volg want dan sal ons sommer 'n „warm" winter hê.**

**DELF**

Die lang naweek het 'n paar van ons gaan delf en is daar nie drie pragtige diamante gevind nie. Hartlik geluk aan die volgende pare: Schutte Venter en Marthie Venter, (sy sien blykbaar nie kans vir 'n ander van nie), Fanus Heysteck en Susan van Rooy, (hulle sê glo dat hulle geen probleem met meubels sal hê nie) en Johan Roos en Anetha Botha. Dit wil mos vir my voorkom of die dames van Klawerhof nie op hulle laat wag nie. Dit „blink" en „skitter" so as 'n mens in die gange loop.

**HELP**

Ockie Bosch sê glo dat hy dit regtig aangenaam vind om so „gereeld" vir Yolando Jordaan met Chemie te help. Sy verstaan dit glo baie beter as hy dit aan haar verduidelik. 'n Sterk magneet trek vir Hennie du Plessis na Oosterhof. Dit is natuurlik niemand anders as Kotie Rossouw nie. Jan Lombard en André de Wet het besluit om weer hulle ou vriendskapsbande te hernu. André was glo so opgewonde dat sy vir nie minder as vier dae lank siek in die bed was.

**STOEI**

**Albert du Plessis kom 15 ook weer gereeld besoek by Ansie Koole af. Net jammer 'n naweek is so kort nê Albert? Jan Pretorius sê dat hy met Marietjie van der Merwe sleep en glad nie van plan is om met haar te stoei nie.**

**LEWENDIG**

Heimat het soos vroeëre jare die geval was, weer 'n lewendige belangstelling in Thaba Jah begin toon. Flip Naudé gaan kuier graag by Christine Venter, Jaap de la Port by Elize Radman en Tinus Grobler by Jeanette Mengel. Ons sal glad nie verbaas wees as hierdie twee koshuise nou weekliks 'n intertee hou nie. 'n Man moet mos 'n rede soek om gereeld besoek by 'n sekere koshuis af te lê.

**ASTERS**

Soms wonder ons wat het sommige van ons asters teen die manne op die Puk. Riekes Kruger sê dat die Tokkelokke op Tuks en veral Jakkie Swanepoel baie ouliker is as hierdie by ons. Magda Brummer gee weer voorkeur aan 'n soldaat as dit Johan van Rooyen is. Dit is veral ons verpleegsters wat liewer op ander plekke sleep. Ons dink nog aan Rachelle von Moltitz wat baie van Johan Kriel hou en Marita Oelofse wat dink dat Lukas Pretorius sommer baie oulik is.

**GOU-GOU**

**Pierre Joubert en Erna Arnold gaan „swot" glo graag saam in die „bib." Net gou-gou nog 'n paar slepers noem wat sê dat hulle al lankal moes verskyn het.: Dawid van der Linde en Elsa Traut, Piet van der Linde en Amanda Joubert. (Dit lyk my as een Van der Linde begin sleep dan sien almal hoe hy dit geniet), Mossie Mostert en Marina van der Merwe, Dawie van der Merwe en Ina Pienaar, Gert Lategan en Danette Niehaus, Koos Prinsloo en Mentje Groothof en Koos Bester en Nelie van Wyk.**

'Ek moet alweer totsiens sê. Lekker sleep tot volgende keer.

# WAT DINK STUDENTE VAN DAMES OP FIETSE?

**„FIETSE... o nee! Dit mag wel mooi en tipies wees, maar mense ek weet darem nie!" Dit was die algemene mening van sommige van die P.U.-dames. En wat sê die mans?**

**Mnr. Hans van Zyl, 'n oud-ingeburgerde op die P.U. is van mening dat 'n dame wel mooi kan lyk op 'n fiets as sy net wegbly van die mini-rokkies af. 'n Student het eintlik nog nooit waardigheid gehad nie en daarom is dit nie onvanpas nie. Hy sê ook dat hy eintlik simpatie met die dames op P. U. het, want as hulle nie na hulle fietse gryp nie, hoe sal hulle dan maak?**

Mej. T. Kolver (Oosterhof) dink dis net eenvoudig aaklig! Dit pas nie by universiteits-dames nie en die mans sal definitief met meer respek na die dames kyk as hulle hulself as sulks gedra.

**MOOI**

Mnr. Dries du Plooy, dink dis heeltemal mooi! Solank hulle net met die nou rompe van die fietse afbly is die wêreld reg. Hy sê voorts ook dat dit van 'n dames afhang hoe sy op 'n fiets lyk. Dit is moeilik vir 'n dame om vroulik op 'n fiets te lyk, maar as sy dit in die alledaagse lewe is, sal 'n fiets aan haar voorkoms niks verander nie.

**TRADISIE**

Mej. B. Lombard (Oosterhof) is baie seker oor die saak. Op Potchefstroom sal dit nooit onvroulik wees nie. „Dis dan 'n tradisie hier! In Pretoria sal die stelling wel waar wees, maar hier? Nee beslis nie." In elk geval is die busdiens so ongereeld dat 'n mens veel eerder op 'n fiets klim."

**KAT**

Mnr. Arrie de Raadt het die kat goed uit die boom gekyk en toe met 'n breë glimlag gesê „van een ding is ek seker. As sy op 'n fiets verby jaag is sy gou verby en sien ek haar nie goed raak nie, maar as sy loop ...wel dan kan ek haar goed bekyk!"



**Prof. S. J. Preller, huisvader van Over de Voor inspekteer die erewag by die vlaghysingsplegtigheid wat Saterdag by die koshuis plaasgevind het. Foto: I. Bekker**

## Student beboet

Q. H. Susman (20) 'n Johannesburgse student, moes onlangs 'n skulderkenning van R10 betaal omdat hy by die Intervarsity tussen Wits en Tukkies 'n verkeersbeampte se pet van sy kop af gegryp het. Toe hy voorheen voor die hof verskyn het, is getuig dat die pet na die Intervarsity teruggevind is, maar Susman is nogtans van 1 nm. tot 7 nm. aangehou voordat borgtog van R100 vasgestel is.

*Met komplimente van*

AJAX


(Edms.) Bpk.

BOEKE — SKRYFBEHOEFTES

## Redakteur moes bedank

Die redakteur van die studenteblad „Ons Leven" aan die Universiteit van Leuven moes bedank omdat hy 'n artikel gepubliseer het waarin die Christelike etiek aangeval word.

Na aanleiding daarvan het die nuwe redakteur 'n artikel geplaas waarin hy 'n pleidooi lewer vir die vryheid van die pers en die vryheid van die gewete.



**Die pyltjie op die foto dui die plek op 'n lysie voor die boonste verdieping van Over de Voor aan vanwaar een van die inwoners, mnr. Johan Ligthelm, verlede Maandagmiddag geval het. Mnr. Ligthelm is in die Klerksdorpse hospitaal opgeneem met 'n gebreekte regterarm, maar is Vrydagmiddag weer ontslaan.**

## Polisieklopjag

Die Sosialistiese Duitse Studente-Federasie het geprotesteer teen 'n polisieklopjag op hulle kantore in Berlyn-distrik. Die rede vir die polisieoptrede was 'n lasteraksie wat aangevra is deur die professore van die Universi-

S.A. SPOORWEË & S.A. LUGDIENS

Die Suid-Afrikaanse Spoorweë en die Suid-Afrikaanse Lugdienste bied die volgende aantreklike loopbane aan gegradueerdes:

**ASSISTENT-INGENIEUR:**

**Salarisskaal:**

R3,000 X 150 — R3,300 X 300 — R3,900 X 150 — R4,650 per jaar.

| **Indien in besit van** | **Aanvangsalaris:** |
|---|---|
| B.Sc. Ing. | R3,000 p.j. |
| B.Sc. B. Ing. of M.Sc. Ing. | R3,150 p.j. |
| M. Ing., Ph.D. of D.Sc. | R3,300 p.j. |

**KLERK, GRAAD II.**

**Salarisskaal:**

R975 — R1,050 x 150 — R1,800 — R2,100 — R2,250 — R2,400 p.j.

| **Indien in besit van** | **Aanvangsalaris.** |
|---|---|
| St. X-sertifikaat | R1,200 p.j. |
| Baccalaureusgraad wat 'n minimum studietydperk van drie jaar vereis | R1,800 p.j. |
| Honneursgraad (of 'n gesertifiseerde verklaring dat die teoretiese deel van die magistergraad suksesvol voltooi is) of 'n baccalaureusgraad wat 'n minimum studie tydperk van vier jaar vereis | R2,100 p.j. |
| Magistergraad | R2,250 p.j. |
| Doktorsgraad | R2,400 p.j. |

Nader besonderhede kan van die Hoofbestuurder, Spoorweghoofkantoor, Johannesburg, verkry word.

# „NUWE” SPAN KLOP JAN KEMPDORP

**'n PUK-span wat heeltemal anders gelyk het as gewoonlik, het die naweek op Jan Kempdorp teen die plaaslike span gespeel. Die span se veranderde voorkoms is te wyte aan die feit dat baie van die gereelde spelers onttrek het.**

**Sommer van die afskop af was daar moeilikheid vir die Pukke en kort na die begin het die Jan Kempers 'n onvervyfde drie behaal. Die Pukke het egter nie geskrik nie en, getrou aan hulle voornemens, egte studenterugby gespeel. Kort hierna is hulle dan ook beloon met 'n drie deur Thys Redelinghuys wat heelagter Piet Bruwer pragtig vervyf het. Telling: 5—3.**

Die twee spanne was min of meer ewe sterk en die Jan Kempers, onder kaptein Dennis Vorster agsteman van Griekwas het die Pukke somtyds laat sweet. Rustyd het aangebreek met die telling op 8—6, nadat B. van Wyk vir Jan Kemp met 'n skepdoel geslaag het, en heelagter Bruwer van Pukke het nog drie punte bygevoeg met 'n strafskop.


**BONTSTAAN**

Die Pukke moes nou die Suidelike doellyn verdedig en die Puk-voorspelers moes lelik bontstaan om die swaarder teenstanders in toom te hou. Hoewel die Universiteit se agterlyn in die tweede helfte gesukkel het, en die spel 'n bietjie stadiger geword het, is die skare, wat sommer gou vir die Pukke geskree het, nie teleurgestel nie.

**PRAGDRIE**

In dié helfte is punte vir die Jan Kempers aangeteken deur Holtzhausen en Schnetler wat elk 'n drie gedruk het. Die Pukke se ander punte het gekom toe Thys Redelinghuys vir sy 2de pragdrie oorgegaan het. Kort hierna het skrumskakel Jaap Malan om die skrum gebreek en gaan druk. Geen een van die drieë kon vervyf word nie.

**Die Pukke wat gees soos min aan die dag gelê het, wen dus hierdie wedstryd wat in die egte studente-tradisie afgespeel is met 14—12, ondanks die feit dat agt van die spelers vir die eerste keer saamgespeel het.**



Dawie Smith in aksie.

# P.U.-TENNIS SORG VIR VERRASSINGS

**Vyf van die ses lede van die manstennisspan wat onlangs aangewys is om Potchefstroom op Ellispark te gaan verteenwoordig, is Pukke, wat weereens bewys hoe hoog die P.U. in tenniskringe aangeskrewe staan.**

Die spelers is Dawie Smith, Nico Botha en Piet Mitchell terwyl Christo van der Walt en Pieter van der Walt reserwes is. Die vierde spanspeler is mnr. Gum de Wet.

**Nr. 1**

Althea van Loggerenberg, die Puk se nr. 1 dame is gekies as reserwe van die damespan.

Groot hoogtepunte word ook verwag in die jaarlikse tenniskampioenskappe wat nou vinnig sy einde nader.

**VERRASSING**

**Die grootste verrassing tot dusver is die oorwinning van Christo van der Walt oor Piet Mitchell wat verlede jaar die kampioenskappe gebuit het. Christo het met 'n telling van 6/3, 4/6 en 9/7 vir 'n baie spannende wedstryd gesorg hoewel albei spelers nie hul beste vorm getoon het nie. Piet skyn blykbaar baie uit oefening te wees. Dit bring Christo en Dawie in die finaal teenoor mekaar te staan.**

**VERSLAP**

In die damesafdeling kan Ria Smit onderskei word aangesien Althea van Loggerenberg 'n stel aan haar moes afstaan. Ria het goed begin maar het ongelukkig later heeltemal verslap. Althea en Stella Venter sal hierdie finale uitspook.

**FINALES**

**Die finales vind plaas op Woensdag 24 Mei waarna al die klublede na 'n geselligheid uitgenooi sal word. Aan die wenners sal by die geleentheid 'n prys oorhandig word.**

# DAMESHOKKIE WEN, MAAR . . .

**Die Puk se naam is Saterdag op Olënpark nogeens hoog gehou toe die eerste dameshokkiespan Strathvaal met 'n telling van 4—2 geklop het. Die doele is geskiet deur Anna Venter (2) en Martie Yssel (2).**

'n Goeie kombinasie van die voor- en agterspelers het 'n paar mooi bewegings tot gevolg gehad. Die spel in die doelgebied is egter nog nie na wense nie.

**BREEK DEUR**

Opmerklik is die feit dat die Pukke hulle teenstanders tot rustyd kan vashou maar dat hulle opponente dan daarin slaag om deur te breek. Saterdag was dit weer eens die geval toe die rustyd-telling 2—0 in Puk se guns was en Strathvaal na die tyd twee doele kon aanteken.

**GEEN SAMESPEL**

**Die tweedespan het met 2—1 teen die van Pote verloor. Die Puk se agterlyn het goed verdedig maar dit was duidelik dat daar geen samespel tussen die voorspelers was nie. Dit wil voorkom asof die spelers nog lank as 'n span sal moet saamoefen voordat hulle spel sal bevredig.**

# HUIS RUS WEN WEER

In 'n baie aanskoulike rugbywedstryd het Huis Rus verlede Saterdag 'n welverdiende oorwinning van 24—3 oor Weermag behaal.

Van die afskop af was dit duidelik dat Huis Rus, soos in al sy vorige wedstryde, weer op pad was na 'n groot oorwinning. Hulle het alle afdelings van die spel oorheers en het by tye briljante bewegings van stapel gestuur.

**HARD**

Onder die agterspelers het niemand beter gespeel as Deon Bos die regtervleuel van Huis Rus nie, terwyl Piet Scholtz en Alex van der Merwe hard gewerk het onder die voorspelers.

**Hierdie span het gees wat die eerstespan nooit kan droom om te hê nie. Hulle oorwinnings is die bewys.**

J.C.S.

# Mulder speel vir W.-Tvl.

Die kaptein van die manshokkieklub, mnr. Piet Mulder, is gekies as lid van die Wes-Transvaalse manshokkiespan. Hy speel al verskeie jare in die P.U. se eerstespan.

Die Wes-Transvaalse span neem van 2 tot 6 Junie aan 'n interprovinsiale toernooi in Swaziland deel.

# Studente kap en rekord spat

**Die jongste buitengewone wêreldrekord is onlangs deur ingenieurstudente van die Witwatersrandse Universiteit opgestel. Twee ou motors, sweisapparate, voorhamers en selfs hande en voete is deur die twee spanne studente in die proses gebruik. Die kragmeting is as reklame vir die jool bedoel.**

**STELLING**

Twee spanne van agt studente elk het elkeen by 'n motor stelling ingeneem.

Die wedstryd het onder dawerende applous van die groot menigte studente-toeskouers, begin.

**STUKKIES**

**Ondanks spattende vonke en digte rookwalms het die studente met koorsagtige haas gewerk. Die motors het vinnig van vorm verander en was na 'n ruk net stukkies metaal. Gou was 'n nuwe wêreldrekord daar — 45 minute 24 sekondes.**

**Op 'n vraag wat die vorige wêreldrekord was, het 'n student verduidelik dat die poging 'n nuwe wêreldrekord is omdat dit nog nooit voorheen op so 'n wyse gedoen is nie.**

# P.U.-landlopers seëvier

Die P.U. het Saterdag die spankompetisie in die landloopliga op Potchefstroom gewen.

Die uitslag is:

Senior (7½ myl): 1. L. van Wyk en G. Muldner (P.U.) — 37 min. 31 sekondes. 3. F. Heystek (P.U.) 39 min. 36 sek.; 4. D. Geyser (Strathvaal) — 40 min. 28 sek; M. Fereira (Weermag) — 41 min. 40 sek.

Juniors (5 myl): 1. G. van Eck (P.O.K.) — 25 min. 27 sek.; 2. M. Kruger (Weermag) — 26 min. 56 sek.; 3. P. van der Merwe (P.O.K.); 4. W. van Zyl (P.U.).

Dames (1.6 myl): 1. M. Somers, 9 min 9 sek.; 2. M. Erasmus, 9 min. 24 sek.

**Die volgende Pukke is gekies om Wes-Transvaal op 'n driehoekige landloopbyeenkoms op Stilfontein teen Oos-Transvaal en Noord-Transvaal te verteenwoordig.**

**Seniorspan:** G. Muldner, Z. van Wijk en F. Heysteck.

**Juniorspan:** W. van Zyl, T. van

# VRYSTAAT KLOP W.-TVL.

**Die onder 20-span van die Vrystaat het verlede Saterdag op Olënpark daarin geslaag om dié van Wes-Transvaal met 13—0 te klop.**

**FOUTE**

Hierdie wedstryd het nie aan die verwagtinge voldoen nie. Die Vrystaters het negatief gespeel en hulle punte aangeteken deur hul teenstanders se foute uit te buit. Hoewel Wes-Transvaal deurgaans bereid was om met hulle agterlyn te slaan, het hierdie bewegings skipbreuk gely weens 'n gebrek aan afronding.

**VASBERADE**


Wes-Transvaal se heelagter Lingevelder het telkens verdediging in aanval omgeskep en met vasberade lopies begin. Ongelukkig moes hy die veld met 'n skouerbesering in die tweede helfte verlaat.

**VAART**

Die Vrystaatse vleuel Minnie het met sy vaart beïndruk en hy was verantwoordelik vir 'n pragdrie onder die pale na 'n lopie van ongeveer veertig tree.

Vrystaat se punte is aangeteken deur Schröder ('n strafskop en twee vervyfskoppe), J. Jacobs en C. Minnie( 'n drie elk).

**Die Wes-Transvaal-span het tien Pukke ingesluit, waaronder al die voorspelers.**



**Die Wapad word gedruk deur Enslins, Potchefstroom. Uitgewers: Die Studenteraad P.U. vir**

Cachet Modes

(EDMS.) BPK.

Tomstraat 92 Telefoon 5032

POTCHEFSTROOM

— Ons hou alles aan wat dames benodig —

Van ditjies en datjies
en rokkies en frokkies,
tot jassies en sokkies.

„Vleispasteitjies met tamatiesous, asseblief . . .”

Turkstra

te kry by u kafeteria